NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur | 100 punte

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   Afdeling A – Letterkunde (70 punte)
   Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (30 punte)

3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou antwoordboek.

4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

5. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A

## INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.

2. **Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.** Skryf die vraagnommer boaan die bladsy.

3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde **van die paragraaf in Vraag 2** en die **opstel in Vraag 4** neer.

4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.



5. **BEPLANNING** (vir paragrawe en langer skryfstukke)

   5.1.1 Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf.

   5.1.2 Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

   Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer

**VOORBEELD:**

| **BEPLANNING**<br>(linkerkantse bladsy) | **SKRYFSTUK**<br>(regterkantse bladsy) |
|---|---|
|  |  |
| (Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie.) | (bv. 205 woorde) |

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A PROSA

## *DONKER WEB* – FANIE VILJOEN

Beantwoord die volgende **VIER** vrae oor die roman *DONKER WEB.*

### VRAAG 1 SPINNEKOPWEB

> Ek gee myself tyd om die besluit behoorlik te oorweeg terwyl ek ook aan my swottings aandag gee. Moet ek vir Eckardt … Xander kontak?
>
> Die vraag maal nog steeds deur my kop toe ek laat een Vrydagmiddag die pad Clifton toe vat.

[bl.71]

1.1 Wie het tydens Greg se pa se hofsaak onverwags by hulle huis in Sandhurst met blomme opgedaag? (1)

1.2 Na Paasnaweek, nooi die man (Vraag 1.1) Greg na sy huis in Clifton vir ete. Waarom kan ons sê dat dit nie bloot 'n ete was nie? (1)

1.3 Greg word gedurende die aand na die studeerkamer geroep. Wat wil die man met Greg bespreek/vir hom sê? (1)

1.4 Kies die korrekte antwoord. Wie van die volgende belangrike mense het nie daardie aand die ete bygewoon nie?

A Thomas en sy vrou Rebecca Lawson
B Sebastian Stadler
C Generaal Winters
D Dr. Alec Pienaar en Chris Owen (1)

> Later, terug in my kamer, begin die idee in my kop vorm. Soos 'n fyn web se eerste draadjie wat gespan word. Alle spinnewebbe begin met die eerste silwer draad. Oënskynlik onskadelik.


[bl. 39]

1.5 Waarom moet Greg die Wayback Machine gebruik om PlusUltraMed se webblad op te soek? (1)

1.6 Greg maak 'n skermdruk (*screenshot*) toe hy Rian Trollip se naam sien. Waar het Greg vantevore vir Rian Trollip ontmoet en met hom gepraat? (1)

1.7 Wat het die aand van dr. Trollip se optrede uitgestaan wat daartoe aanleiding gegee het dat Greg na hom gestaan en kyk het? (1)

1.8 Waarom het John vir Rian Trollip gaan wegkruip? (1)



Ek gaan lees weer oor dokter Rian Trollip se dood, en soos 'n spinnekop wat sy web verder span, begin ek na berigte oor mevrou Trollip, die dokter se vrou, soek.

[bl. 45]

1.9 Sê of die volgende stelling **waar** of **onwaar** is. Motiveer jou antwoord.

*Dr. Trollip is tronk toe gestuur vir terrorisme.* (2)

1.10 Hoe weet ons dat dr. Trollip nie skuldig was nie? (1)

1.11 Die web het nouer om dr. Trollip gespan. Wat het met hom in die tronk gebeur? (1)

1.12 Hoe weet ons dat mev. Trollip hom nie vergewe het nie? (1)

1.13 Wat het mev. Trollip gedoen om vir Greg in sy soeke na die Baker te help? (1)

1.14 Waarom wou Greg nie die inligting met Xander in Turkye deel nie? (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 2 BLOED IS DIKKER AS WATER

> Met daardie malende gedagte stap ek na my broer, John, se kamer. Vir 'n oomblik wil ek klop en is daar die vae hoop dat hy sal antwoord: "Kom in as jy 'n broek aanhet!" Dis hoe hy altyd geroep het. Ek kry 'n effense laggie toe ek instap, die lig aansit. 'n Sagte gloed lê oor die kamer.

[bl. 13]

2.1 Hoekom het John altyd adrenalien sportsoorte gedoen? (1)

2.2 Noem **een** van die plekke waar John dié sportsoorte gaan beoefen het. (1)

2.3 Wat het gebeur dat Greg nie meer saam met John aan hierdie aktiwiteite kan deelneem nie? (1)

2.4 Waarom, volgens Greg, het hy nooit oor John gehuil nie? (1)

> Ek volg haar met die gang af kombuis toe, waar 'n lig brand. Op 'n ander aand sou dit verwelkomend voel. Nie nou nie.
> …
> My ma haal kos uit die yskas. Woordeloos skep sy vir my in: lamsboud, gebraaide aartappels, soetpatats. Alles waarvan sy weet ek hou.

[bl. 59]

2.5 Waarom was dit so moeilik vir Rina Owen om Greg universiteit toe te stuur? (1)

2.6 Hoe, dink jy, het Greg se ma gevoel na John "weg" is? Motiveer jou antwoord. (2)

2.7 Greg se ouers is nooit geskei nie. Wat het Rina gedoen wat moontlik later daartoe sou lei dat hulle wel skei? (1)

2.8 Waarom het Greg vir André Symington verdink dat hy deel van Project Nursery Rhyme was? (1)

IEB Copyright © 2024

Greg Owen is oorlede. 'n Span duikers het sy liggaam gister uit die Canale Grande in Venesië gehaal.

Dis wat die koerante in die Turret Media-groep oor my berig.

Greg Owen is dood.

[bl. 11]

2.9 Skryf 'n **paragraaf van tussen 80–120 woorde** oor die man agter Turret Media, sy verhouding en invloed op Greg en sy bydrae tot Greg se soeke na die waarheid.

In die paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Wie is die eienaar van die Turret Media-groep? (1)
- Wat was sy skuilnaam in die Project Nursery Rhyme konteks? (1)
- Waar is die man aan die begin van die verhaal? (1)
- Waarvoor blameer die man Greg? Noem twee goed. (2)
- Dink jy Greg het reg opgetree toe hy dit gedoen het? Motiveer jou antwoord. (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 3 PROMETHEUS

Voltooi die volgende dialoog tussen Xander en Ayla se ma en pa. Skryf SLEGS die vraagnommer en Xander se woorde in jou Antwoordboek neer. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

Ayla se ouers gesels met Xander oor die telefoon nadat hulle die koerantberig gesien het.

3.1 Ayla se ma: Wie was die mense wat julle in Instanboel kom soek het toe julle moes vlug?

Xander: … (1)

3.2 Ayla se ma: Waarom wou hulle/hy julle vang?

Xander: … (1)

3.3 Ayla se ma: Hoe het daardie mense geweet waar julle bly?

Xander: … (1)

3.4 Ayla se ma: Hy klink na 'n baie gevaarlike man. Wat het hy aan jou (jou familie) gedoen?

Xander: Toe ek twaalf jaar oud was het … (1)

3.5 Ayla se ma: Ag nee, Xander. Ek is regtig jammer om daarvan te hoor. Waarom het hy dit gedoen?

Xander: … (1)

3.6 Ayla se ma: Wie buiten Greg se pa was nog betrokke by Project Nursery Rhyme?

Xander: … (1)

3.7 Ayla se ma: Wat het later met Greg se pa en die ander man gebeur wat Greg laat skrik het?

Xander: … (2)

3.8 Ayla se ma: Hoekom het jy jouself met die legende van Prometheus vergelyk?

Xander: … (1)

3.9 Ayla se ma: Wat het jy dan met die palindroom "*ΝΙΨΟΝ ΑΝΟΜΗΜΑΤΑ ΜΗ ΜΟΝΑΝ ΟΨΙΝ"* vir Greg probeer sê?

Xander: … (2)

3.10 Ayla se ma: Greg het nou ook seergekry. Hoe het hy sy beste vriend verloor?

Xander: … (1)

3.11 Ayla se ma: Wie was die vyfde persoon op die boot wat die aand van die voorval die boot bestuur het?

Xander: … (1)

3.12 Ayla se ma: Waarom het die koerante aanvanklik gedink dit was Greg?

Xander: … (1)

3.13 Ayla se ma: Ek is baie dankbaar dat jy en Ayla nie iets oorgekom het nie. Hoe het Greg dit reggekry om sonder 'n paspoort terug in Suid-Afrika te kom?

Xander: … (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 4 SLANGE


> Ayla maak die boot los van die ankerpaal. Stadig volg ons die smal kanaal verby ander bote totdat dit ons uitspoeg by die bek van die Canale Grande – die slang se kop.

[bl. 303]

Orals duik slange in die verhaal Donker Web op: Suid-Afrika, Turkye tot Venesië. Skryf 'n opstel van tussen **250 en 400 woorde** oor die Baker as die "grootste slang" wat moes betaal vir wat hy aan soveel mense gedoen het.

**Onthou:**

- Jou opstel moet 'n inleiding en slotparagraaf hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Onthou asseblief om jou beplanning aan die agterkant van die bladsy te doen (sien instruksies) en dood te trek.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.



---

**A Inleiding**

---

**B Grootword jare**

- Wat is die naam van die plaas waar Rian Trollip en Sebastian Stadler grootgeword het? (1)
- Hoe het Sebastian se pa hulle gestraf? (1)
- Tydens Sebastian Stadler se grootword jare het hy geleer van morele buigbaarheid. Wat doen hy as kind reeds wat die stelling bewys? (1)
- Hoe weet ons dat hy trots was op wat hy as jong kind op die plaas gedoen het? (1)

---

**C Studie en werk**

- Stadler spesialiseer in Chemie. By watter projek raak hy gedurende die apartheidsjare betrokke? (1)
- Noem enige ding wat hy baie van gehou het gedurende hierdie tyd. (1)
- Hy hou boek van al die formules. Wat doen hy met die boek vol formules toe hy sy werk verloor omdat apartheid tot 'n einde gekom het? (1)
- Wie kry die formules en waarom hou hy dit? (2)

IEB Copyright © 2024

- Wie stel Stadler aan dr. Pienaar en Chris Owen voor? (1)
- Hoe help Stadler vir dr. Pienaar en Chris Owen om hulle maatskappy te red? Noem twee dinge. (2)
- Wat wou Trollip doen toe hy agterkom waarmee Stadler en sy vennote besig is? (1)

---

**D Die dodelike slang**

- Met watter nuwe projek begin Stadler nadat dr. Pienaar en Chris Owen gevang word? (1)
- Waarom laat hy Plank in Turkye vang? (1)
- Hoe kry Greg dit reg om die Baker se adres te kry? (1)
- Wat doen Stadler toe hy besef dat Greg en Xander hom in Florence opgespoor het? (1)
- Greg-hulle slaag daarin om 'n foto van die Baker te neem. Hoe weet hulle dat hy na Venesië gevlug het? (1)
- Watter bekende sangeres se plan gebruik Xander om die Baker in Venesië op te spoor? (1)
- Wat doen Xander uiteindelik toe hy voor die Baker staan en besef dat hy die slang uit die weg moet ruim? (1)

---

**E Slot**

**Assessering:** 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen. (5)

**[25]**

**70 punte**

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.

2. Begin elke vraag op 'n **nuwe bladsy**. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. Skryf die **getal woorde** aan die einde van elke vraag neer.

4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

   - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
   - interpretasie van die opdrag
   - inhoud en idees
   - register en toon
   - taalgebruik



5. **Beplanning van skryfstukke**

   Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te **beplan** voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

   5.1 Skryf die opskrif, BEPLANNING, boaan.

   5.2 Trek 'n **streep deur jou beplanning** sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

**VOORBEELD VAN BEPLANNING:**

| **BEPLANNING**<br>(linkerkantse bladsy) | **SKRYFSTUK**<br>(regterkantse bladsy) |
|---|---|
|  |  |
| (Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie.) | (bv. 205 woorde) |

## VRAAG 5 KOERANTBERIG

**Situasie:**
Skooldrag of skooluniforms het oor die afgelope twintig jaar tot 'n winsgewende besigheid gegroei. Uniforms kan wissel van formeel tot informeel en leerlinge van een of ander plaaslike skool word daaraan uitgeken. Die dra van uniforms het voor- en nadele en word wyd bespreek.

**Opdrag:**
Skryf 'n kort koerantberig van tussen **150–220 woorde** waarin jy jou opinie lewer deur aan die volgende aandag te gee:
- **waarom** uniforms gedra/of nie gedra moet word nie (neem standpunt in);
- noem van die **voor- en nadele** van uniforms/skooldrag; en
- bespreek die **onkostes en uitgawes** daaraan verbonde.

Onthou dat hierdie 'n transaksionele skryfstuk is waarin jy meer moet uitbrei as om bloot die vrae aan te spreek. Indien jy nie by die woordtelling hou nie (te kort of te lank skryf) sal jy gepenaliseer word.

**[20]**

## VRAAG 6 E-POS

**Situasie:**
Jy sukkel om 'n kans te kry om met jou ouers te gesels oor die naderende matriek-vakansie.

**Opdrag:**
Jy het besluit om 'n e-pos te skryf waarin jy jou ouers wil …
- vertel wat jy gedurende die vakansie wil doen;
- vra vir hulle toestemming (ja, al is jy reeds 18 jaar oud); en hulle
- vertel waarom jy dit wil doen, en hoe **jy** daarvoor gaan betaal.

**Instruksies:**
- Jy kan jou paragrawe volgens die bostaande punte indeel.
- Die e-pos moet 'n **inleidings- en 'n slotparagraaf** hê.
- Die inhoud moet **tussen 60 en 100 woorde** lank wees.
- **Totale aantal woorde moet aangedui wees.**
- Die korrekte formaat moet gevolg word.

Onthou dat hierdie 'n transaksionele skryfstuk is waarin jy meer moet uitbrei as bloot die vrae aan te spreek. Indien jy nie by die woordtelling hou nie (te kort of te lank skryf) sal jy gepenaliseer word.

Aan: ______________________________________________

Onderwerp: ________________________________________

=====================================================

Liewe Ma en Pa

Byvoorbaat dank
(*Jou naam*)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024